



MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 15/2023

19 Oktober 2023

☎ 012 661 2341

✉ college@midstreamcollege.co.za

SKOOLSAKE

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die matrikulante het 'n bedrywige vakansie gehad, wat met hulle lenteskool begin het en met hul luisterryke matriekafskeid afgesluit het. Verlede Vrydag het ons hulle gebruikelike ouer- en ghongfunksie gehad en al wat nou tussen hulle en die wye wêreld daar buite staan, is hulle eindeksamen. Ek wil die klas van 2023 bedank vir die wyse waarop hul voorgeloopte het en verseker het dat die jaar om die regte redes onthou sal word. Baie sterkte met die eksamen. Jaag julle drome na in die opwindende tye wat voorlê.

Die res van die College het ook nie op hulle laat wag nie en 'n klomp het gedurende die vakansie Europa, die Oranjerivier, bergfiets- en atletiekbane oorwin. Daar heers groot opgewondenheid rondom ons jaarlike graadgesgeveg en die graad 8's tot 11's is reeds fluks aan die oefen. 'n Herinnering daaraan dat ons Donderdag 2 November weer aandskool het en dat leerders die Vrydag af is.

In nature there are neither rewards nor punishments; there are consequences.

- Robert Green Ingersoll

'n Woord van dank aan die $x\%$ -leerders wat die College lojaal ondersteun en ook by ons reëls hou. Ek hoop en vertrou x neig na 100. Aan die res ... julle is gewaarsku.

Ons jaarlikse kultuurfees bereik vanaand sy hoogtepunt met hul gala-aand in Midstream Ridge se saal. Gedurende die laaste maand het leerders die geleentheid gehad om hul verskeie kultuurtalente ten toon te stel en almal sien uit na vanaand se optrede.

Hartlik geluk aan ons o. 15-krieketspan wat hul liga oortuigend gewen het. Sterkte aan ons o. 14-, o. 15- en o. 16-sagtebalspanne wat Vrydag almal in die finaal van hulle liga meeding. Laastens aan die Springbokke, Carpe Diem, maak ons almal trots Suid-Afrikaans. #Stongertogether.

AKADEMIE

NASIONALE WISKUNDE-OLIMPIADE

Gebaseer op die uitslae in al drie rondtes van dié olimpiade is Midstream College verlede naweek tydens die South African Mathematics Foundation se prysuitdeling by Emperor's Palace as die toppresterende skool aangewys. Dit is die tweede jaar in 'n ry dat ons hierdie gesogte toekenning ontvang het. Midstream is ook die afgelope drie jaar die Gauteng-wenners.

GRAAD 11-VAKVERANDERINGE

Die IEB het die sluitingsdatum vir die inskrywing van volgende jaar se NSS-eksamen na vroeg Desember hierdie jaar verander. Indien u kind tans 'n grensgeval is (onder 50% in Wiskunde en onder 40% in die ander vakke), word u versoek om hulle te motiveer om alles in die stryd te werp vir die graad 11-eindeksamen. Gebaseer op die graad 11-promosiepunte, mag die skool u kontak om moontlike vakveranderinge vir volgende jaar te bepaal. U word versoek om die betrokke vakbestuurder te kontak, sou u navrae in hierdie verband hê.

GRAAD 8 TOT 11-NOVEMBEREKSAMEN

Die eksamenrooster is op die webtuiste, asook die leerders se tablette beskikbaar. U word daaraan herinner dat geen leerder vir verlengde vakansiedoeleindes van 'n geskeduleerde eksamen verskoon kan word nie. U samewerking in dié verband word waardeer.

SKRYFBEHOEFTE VIR 2024

Hierdie bestellings kan nou geplaas word deur een van die volgende opsies te gebruik:

- Webtuiste: www.mcboekwinkel.co.za
- E-pos: midcollegebooks@gmail.com
- Selfoon: 076 483 2593
- Adres: Suite 003, Shopping on Ridgeway Drive, Midstream Ridge Sportsentrum (oorkant die gimnasium).

Winkelure: Maandag tot Vrydag (08:00 – 18:00)

Ouers moet asseblief voor 15 Desember bestel en betaal, om sodoende die boeke en skryfbehoeftes te ontvang voordat die skool op 17 Januarie heropen. Ouers het die opsie om bestellings per koerier te ontvang of om dit by bogenoemde adres af te haal. Die boeke wat op hul webwerf verskyn, is slegs as 'n hardekopie beskikbaar en verskyn dus nie op die e-boekplatform nie.

KULTUUR

(p)ARTICIPATE

Die gala-aand by Midstream Ridge Laerskool, is vir vanaand geskeduleer en beloop om 'n onvergeetlike aand te wees ter herdenking van die *Roaring 20's*.

Baie geluk aan ons algehele wenners:

Junior Meisies	Senior Meisies	Senior Seuns	Plek
Kaylin Knoetze	Mikayla Moodley	Carlo Loubser	3
Milan Pöhl	Tiana Swart	Tristan Scholtz	2
Ruth Hempson	Anika Malan	Wandele Cibi	1

REDENAARS

Baie geluk aan Lené Liebenberg wat 'n tweede plek in die nasionale rondte van die Oppie Tong Af-kompetisie verwerf het vir haar Afrikaanse motiveringstoespraak.

ERKENNING VAN NIE-SKOOKULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skookultuuraktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za) te stuur.

DANS

Elmarie Lubbe het tydens die Eisteddfod of Performing Arts 3 goue toekennings en tydens die American Dance Awards 6 goue toekennings ontvang. Sy neem later hierdie jaar aan die wêreldkampioenskap in België deel.

Ruth Hempson het aan die Gauteng Dance Festival en die Eisteddfod of the Performing Arts deelgeneem, en goud vir beide ontvang.

SPORT

KRIEKET

Die seisoen het hierdie week tot 'n einde gekom en ons is dankbaar vir elke speler, afrigter en ouer se insette en ondersteuning. Ons is besonder trots op die o. 15A-span wat die liga onoorwonne en as wenners afgesluit het. Selfs die 1ste span en o. 14A-span het goed gevaar deur onderskeidelik tweede en derde te eindig.

Die spanuitslae van die afgelope twee weke is as volg:

Opponent	Uitslae	Kommentaar
1^{ste}		
Wonderboom	Wonderboom 159/10 Midstream 160/3 Wen met 7 paaltjies	Xander Senekal 6/27 in 7.2 beurte Jeanré Lourens 68 n.u.n.
Eldoraigue	Midstream 175/10 Eldoraigue 176/6 Verloor met 4 paaltjies	Gerhard van der Westhuizen 43 Maarten Nortjé 39
1 B-span		
Zwartkop	Zwartkop 367/10 Midstream 225/10 Verloor met 142 lopies	Louis Verhoef 54 Grant Muller 43

3 ^{de}		
AHS	AHS 311/3 Midstream 116/10 Verloor met 195 lopies	Declan Smit 2/25 in 3 beurte
o. 15A		
Eldoraigue	Eldoraigue 108/10 Midstream 110/1 Wen met 9 paaltjies	Ryan Strauss 62 n.u.n. Jonathan Wiseman 4/24 in 10 beurte Rikus Cilliers 4/26 in 7 beurte
o. 15B		
Waterkloof C	Waterkloof 161/6 Midstream 166/5 Wen met 5 paaltjies	Francois Senekal 90 Gareth Prinsloo 3/13 in 4 beurte
AHS D	AHS 67/10 Midstream 73/5 Wen met 5 paaltjies	Gareth Prinsloo 5/13 in 4 beurte Francois Senekal 46 n.u.n.
o. 14A		
Eldoraigue	Midstream 170/10 Eldoraigue 171/3 Verloor met 7 paaltjies	Ruben Howatt 45 Matthew Wiggill 30
o. 14B		
Menlopark C	Midstream 104/10 Menlopark 106/7 Verloor met 3 paaltjies	O'neile Nyoni 2/13 in 2 beurte Moyahabo Machaba 22

BERGFIETS

Uitslae van die laaste ligawedren by Prime View:

Afdeling	Ryer	Plek
Sub-Junior Meisies	Nika Nortjé	1
	Kathleen de Kock	9
Jeug 16 Meisies	Sarah Heher	3
	Jané Male	7
Junior 18/19 Meisies	Lucy Carroll	4
Sub-Junior Seuns	Rupert Groenewald	12
Jeug 15 Seuns	Xandré Pretorius	12
Jeug 17 Seuns	Sebastian Bruyns	8
	Ruben Bruyns	15
Junior 18/19 Seuns	Eben de Wit	10
	Pieter van Eeden	16

Midstream College eindig algeheel sewende in die gemengde kategorie uit 77 deelnemende skole in Gauteng.

By die nasionale kampioenskap wat op 30 September by Wagpos gehou is, het die volgende fietsryers goed presteer:

Afdeling	Ryer	Plek
Sub-Junior Meisies	Nika Nortjé	2
Jeug 16 Meisies	Sarah Heher	12
	Jané Male	22
Junior 18/19 Meisies	Lucy Carroll	9
Sub-Junior Seuns	Rupert Groenewald	4
Jeug 15 Seuns	Xandré Pretorius	30
Jeug 17 Seuns	Sebastian Bruyns	10
	Ruben Bruyns	20
Junior 18/19 Seuns	Eben de Wit	13
	Pieter van Eeden	18

Midstream College behaal 'n algehele derde plek. Dit is die beste uitslag wat Midstream nog behaal het. Tydens die provinsiale finaal was Nika Nortjé en Lucy Carroll deel van die Gauteng-span wat die goue medalje verower het.

GHOLF

Die eerste en tweede spanne het die afgelope Dinsdag aan die Gauteng-Noord-Uitdaagtoernooi deelgeneem en as volg gevaar:

1 ^{ste}	4 ^{de} algeheel
2 ^{de}	13 ^{de} algeheel

Sterkte aan die 2de span wat vandag in die finaal van hulle liga speel.

SAGTEBAL

Uitslae van verlede week se semifinaal:

Span	Wagpos	Akasia
o. 14A		Opponente verbeur punte
o. 15A		Opponente verbeur punte
o. 16A	15 – 0	
1 ^{ste}	5 – 32	

Die o. 14A-, o. 15A- en o. 16A-spanne speel Saterdag in die finaal. Die 1ste span sal vir die 3de plek uitspeel.

SWEM

Die afgelope naweek het Midstream as 'n gekombineerde span saam met swemmers van Midstream Laerskool en Midstream Ridge, aan 'n gala by Uplands College teen skole in Mpumalanga deelgeneem.

Ons swemmers, o. 12 tot o. 17, het die Laevelders gewys hoe dit gedoen word! Almal het pret gehad en nuwe vriendskappe is in hierdie voorseisoen-gala gevorm.

Adrian van Wyk het by die Namibiese kortbadkampioenskap in Swakopmund 'n goue medalje in die 200 m-rugslag, en drie silwer medaljes in die 100 m- en 50 m-rugslag sowel as in die 100 m-vryslag verower. Hy het ook tydens die afgelope naweek se NTS-gala, 'n junior wêreldkwalifiserende tyd in die 400 m-vryslag geswem.

Lance Cromhout neem hierdie naweek aan die BRICS o. 20-spele in Durban deel.

RUITERSPORT

Baie geluk aan die ruiters wat kleure by die jaarlikse SANESA-streekstoekenningsaand ontvang het: Kiara Kok, Kynan van Zyl, Michelle du Preez, Louis Verhoef, Jodi Slade (Victrix Ludorum for working hunter), Carmia van den Berg (meriete sertifikaat) en Daniela Bedford (meriete sertifikaat).

Midstream College het die trofee as toppresterder van kategorie D vir hoërskole ontvang.

Baie geluk aan die ruiters wat aan die SANESA-nasionale kampioenskap van 4 tot 7 Oktober by Kyalami deelgeneem het. Hul uitslae was soos volg:

SANESA Nasionale Kampioenskap		
Ruiter	Dissipline	Plek
Kiara Kok	Show jumping 70 cm	19
Kynan van Zyl	Vaulting	1
	Show jumping 100 cm	13
Michelle du Preez	Performance riding	9
	Working riding	14
Jodi Slade	Show jumping	7 & 9
	Eventing	6
Louis Verhoef	Dressage elementary medium	5 & 10
Daniella de Vries	Eventing	1
Daniela Bedford	Level 0 rising stars for dressage	3 & 4

ATLETIEK

Beide die TUT Top-12-byeenkoms van 22 September en die Curro Podium-streeksbyeenkoms van 27 September het by Pilditch-stadion plaasgevind. Die volgende atlete het bo 800 ASA-punte behaal:

Atleet	Afdeling	Item	TUT Top-12	Curro Podium
Rupert Groenewald	Seuns 14	3000 m	862	
		1500 m		831
Carmia van den Berg	Dogters 14	800 m	832	
Caitlin Arendse	Dogters 14	3000 m	832	824
Aphelele Mbatsha	Dogters 14	100 m	810	
		200 m	821	822

Amy Nel	Dogters 14	Diskus		861
Ilané Theron	Dogters 14	Gewigstoot	850	
Lente Groenewald	Dogters 16	800 m	814	
Zabine von Westernhagen	Dogters 17	3000 m	803	814
Anika le Roux	Dogters 17	100 m- hekkies	811	
		400 m- hekkies	800	
Juan Breytenbach	Seuns 17	1500 m	863	
		3000 m	887	
Xavier van der Leek	Seuns 17	800 m	879	
		1500 m	868	919 (nuwe rekord)
		3000 m		918 (nuwe rekord)
Sandile Modise	Seuns 17	200 m	800	
Justin Hattingh	Seuns 19	400 m- hekkies		814

Spanuitslae:

Byeenkoms	Seuns	Meisies	Algeheel
TUT Top-12	8	6	4
Curro Podium	9	14	10

Die volgende byeenkomste vind môre by Hoërskool Centurion en Kenneth Mcarthur-stadion in Potchefstroom plaas.

SKAAK

Die uitslae van die toernooi by St Peter's was as volg:

Span	Plek	Individuele prestasie
Span A	2 ^{de} uit 29 spanne	Shayur Vather: Beste bord 1 Luke Reyneke: Beste bord 2
Span B	4 ^{de} uit 29 spanne	Sauvan Govender: Beste bord 4

ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolsportaktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za), te stuur.

ATLETIEK

Amy Nel het aan die Elardus Erasmus-byeenkoms in Mookgophong deelgeneem. Sy het die o. 14-diskus met 'n afstand van 35,46 m (875 ASA-punte) gewen en sewende in die gewigstoot geëindig met 'n afstand van 10,58 m.

VLIEGHENGEL

Marc van Rooyen het 'n algehele vyfde plek tydens die junior nasionale kampioenskap, wat die vakansie in Douglas in die Noord-Kaap aangebied is, behaal. Ruan Erasmus en Ruben Lamprechts was, soos Marc, deel van die Gauteng-Noord A-span wat algeheel vierde in die provinsiale spankompetisie geëindig het.

TENNIS

Jayden Summers het onlangs in die Gauteng-Noord Super 8 gespeel en beide die o. 16-enkelspel- en o. 16-dubbelspeltitels gewen.

KOM ONS KOMMUNIKEER:

Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

VOLGENDE OMSENDBRIEF

Donderdag 2 November 2023